Kleinmond Belastingbetalersvereniging

Notule van die Bestuurskomiteevergadering op 3 November 2011 in die Biblioteeksaal om 18h00.
(Sake wat opvolging vereis word aldus gemerk)

1. Dr. Gawie Eksteen **open** die vergadering met gebed waarna hy as voorsitter almal welkom heet.

2. Presensie : **Teenwoordig:** Jan-Willem van Staden, Aldert Drenth, Gawie Eksteen, Jannie Viljoen, Johan de Clerck, Japie Conradie, Santie Hamman**,** Susan Swanepoel **en** Johan Barnard
   Afwesig met verskoning: **John Watson**
   Besoekers: Tienie Geldenhuys, Arend Adriaanse en Tommie Snibbe.
3. Genoeg lede is teenwoordig en die vergadering word **gekonstitueerd** verklaar.
4. Die **notules** van 6 Oktober 2011 word as gelese beskou en **goedgekeur.**
   (Voorsteller Johan Barnard met as sekondant Santie Hamman)
5. Sake uit die vorige notule:

5.3 Munisipale Begroting van 2012 (Johan de Clerk en Japie Conradie) – Skop af 6 Desember. Gesprekke word gevoer en data word verkry.

6. Portefeulje Terugvoering.

6.1 **Gemeenskaps- Polisieringskakelforum**. (Japie Conradie) Robert Crowther sal gevra word om die KBBV in te lig aangaande die opname aangaande die polisieforum wat deur hom gedoen word.

6.2 **Buurtwag** (Johan de Clerk) 'n Bestuurder word nog gesoek.

6.3 **Haweontwikkeling** (Aldert Drenth) Die bewering dat R9 m vir 'n vis verwerkingsaanleg beskikbaar gestel is, is bloot 'n gerug.
Verskeie plaaslike organisasies is steeds in dispuut aangaande die R3m wat vir die gemeenskap beskikbaar gestel is.

6.4 **Hangklip / Kleinmond Federasie** (Jan-Willem van Staden) Notule is op die webwerf.

6.5 **Oorlaaistasie Moniteringskomitee**. (Johan Barnard) Die sluitingtye van die oorlaaistasie op Saterdae (9vm. tot 4nm.) sal by die Wykskomitee aanhangig gemaak word.
Daar word met spyt kennis geneem dat die kante van die laai gedeelte alreeds weer stukkend is.

6.6 **Gesondheid en Welsyn.** (Santie Hamman) Die akkommodering van Sanet Oosthuizen van die ODM in die beperkte spasie by die kliniek sal by die eersvolgende Wykskomitee aanhangig te maak, asook die mislukte pogings en gepaardgaande frustrasie om die gesagslyne t.o.v. die kliniek na te spoor.

6.7 **Skema Regulasies enBouriglyne**. (Jan-Willem van Staden) Kennis word geneem van veranderinge by erwe 5380 en 4032

6.8 **Wykskomitee 9** (Jan-Willem van Staden) Die verkeersimpakstudie is as 'n doelwit van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van die Overstrand Munisipaliteit opgeneem.
Die KBBV voel dat daar ernstig aandag aan besparings gegee moet word en dat die R500 000 wat aan wyk 9 (en al die ander wyke in die OM)toegewys is, in die lig van voorafgaande, nie spandeer moet word nie maar onder die kapitaal begroting opgeneem moet word..
Die doelbewuste beplanning en optredes wat die omstandighede van die baie afgetredenes in Kleinmond, verlig sal weereens by die Wykskomitee te berde gebring word.

6.9 **Wykskomitee 10** (Susan Swanepoel) Vullisverwydering in die Poppedorp geniet aandag, so ook die vermeende smokkelary aldaar.

6.10 **Kleinmond Kalender**. (Jannie Viljoen) Daar is tans 120 intekenare.

7. **Finansiële verslag**. (Jannie Viljoen) Kennis word geneem.

8. **Korrespondensie**

8.1 Brief van Chris Storm:

Die storting van ou batterye sal by die wykskomitee aanhangig gemaak word.

Die baie kort parkeertyd in die hoofstraat sal vir besinning aan die wykskomitee voorgelê word.

Brief van BD. French

Die KBBV steun die verbetering van die R44 en R43 interseksie soos in hul voorlegging wat reeds onder die aandag van die Privinsiale Verkeersdepartement gebring is "Die veiligheid van die R44" vergestalt is. Mnr. French sal aldus ingelig word.

Inwoners van Eerste Laan.

Die KBBV steun die sluiting van die doodloop gedeelte gedurende die vakansieseisoen.

9. **Addisionele Items.**

9.1 Die sakelys van die AJV is kortliks bespreek en vervolgens is besluit:

9.1.1 Om tydens die AJV kennis te gee dat die grondwet aldus verander word dat voorsitters se termyn tot 3 jaar beperk word.

9.1.2 'n Voorstel ingedien sal word dat ledegeld verander word tot R30 per adres of standplaas.

9.1.2 Die sekretaris drukwerk kan verrig teen helfte van die prys wat tans gevra word.

9.1.3 Die aantal stukke vir die AJV voorsien 70 Afrikaans en 20 Engels sal wees.

9.1.4 'n Voorstel ingedien sal word dat die voorsitter en sekretaris elk 'n honorarium van R200 en R100 sal kry.

Die vergadering verdaag.

Hiermee word hierdie notule met _____ as voorsteller
en _____ as sekondant in orde gevind en goedgekeur.

_____ _____

Voorsitter Datum

Wykskomitee:

1. Die doelbewuste beplanning en optredes wat die omstandighede van die baie afgetredenes in Kleinmond, verlig sal weereens by die Wykskomitee te berde gebring word
2. Die akkommodering van Sanet Oosthuizen van die ODM in die beperkte spasie by die kliniek.
3. Die mislukte pogings en gepaardgaande frustrasie om die gesagslyne t.o.v. die kliniek na te spoor.
4. Die Chaotiese bestuur van die kliniek.
5. Besparing deur amptenare moet as 'n kriterium vir hul beoordeling van hul prestasie geld.
6. Die sluitingtye van die oorlaaistasie op Saterdae (9vm. tot 4nm.)
7. Die KBBV voel dat daar ernstig aandag aan besparings gegee moet word en dat die R500 000 wat aan wyk 9 toegewys is, in die lig van voorafgaande, nie spandeer moet word nie.
8 Dat die R43 en R44 aansluiting by Rivendale beveilig word oa met 'n afrit uit Hermanus rigting Kleinmond en "straat" beligting
9. Die sake voortspruitend uit die AJV waaronder kommunikasie tussen amptenare en belasting betalers, die Bergies, wetstoepassing in woonbuurtes veral langs Kusweg (toilet gebruik van reservaat) ens, ens.